



## Die Boodskapper

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** [www.ngkpieernee.co.za](http://www.ngkpieernee.co.za)

### Preekboodskappe

Hoe kry ek weekliks die preek en hoe bly ek op datum met gemeentelike aktiwiteite?

- Daar word weekliks 'n kort video van die preek op **Facebook** gesit. Gaan "like" gerus ons Facebookblad om ons daar te volg.
- **Die volgende is beskikbaar op die Whatsapp-goep:**
- Die volledige preek word per pdf sowel as 'n klankopname weekliks deurgegee.
- Die Boodskapper met die nuutste gemeente nuus EN met **weeklikse Bybelstudiestukkies** is ook op pdf beskikbaar. Die besonderhede van die bankrekening is ook hierop beskikbaar sodat jy jou weeklikse dankoffer kan oor betaal.
- Elke week neem Angelique voorsangliedere op met die nodige woorde sodat ons lekker lofprysing by die huis kan doen. Gebruik dit gerus op Sondagoggende voor die diens of wanneer julle huisgodsdien hou!

**Neem asb kennis:** Die WhatsApp-groep is geadminbeheer. Stuur asb jou naam en telefoonnommer aan 0768411568 as jy deel wil word, daar sal 'n "link" vir jou aangestuur word. Om by die groep aan te sluit, "click" net op die "link".

**Stuur asb die preke aan vir die persone wie jy weet nie toegang tot die internet het nie!**

### Verjaardae die week:

5/3	Mnr	Piet	De Wet	082-834 8807
5/3	Me	Marie	Van Schalkwyk	073-174 5608
5/4	Mnr	Johann	Müller	072-872 1520
5/4	Mnr	Gerrit	Nel	072-476 2148
5/5	Mnr	Kristoff	Van Zyl	082-793 5204
5/8		Jason	Joubert	082-572 0757
5/8	Mnr	Morné	Joubert	082-793 9034
5/8	Me	Madelein	Petzer	082-569 7399
5/9	Me	Amanda	Cronje	083-260 6947
5/9	Mev	Merlene	Greyvenstein	079-895 5379
5/9	Me	Annia	Jordaan	082-417 0500

### Ons Webwerf- Hou die spasie dop!

Ons loods binne die volgende twee weke ons nuwe webwerf. Ons besef dat ons huidige blad nie woon-vriendelik in nie, en dat ons al hoe meer afhandel is om op soveel moontlik maniere toeganklikheid moet bied omdat ons mekaar op die stadium min sien. Ons is opgewonde om met julle te deel dat ons webwerf besig is om 'n "make over" te kry sodat jy enige tyd op enige plek op datum kan wees met ons kerk nuus!

So hou die spasie dop! Die webwerf se adres bly steeds dieselfde ([ngkpieernee.co.za](http://ngkpieernee.co.za)), maar kry net 'n ander gesig.

### Gebedsbediening

- **Bid** teen die verspreiding van die Covid-19 virus. **Bid** vir die mense wat dit onder lede het en waarmee dit nie goed gaan nie. **Bid** vir die gevolge van die verlengde "lock down" op beshgede, kerke, gesinne, die ekonomie en die gesondheidstelsel. **Bid** ook vir die regering en president wat in hierdie tyd belangrike besluite moet neem. **Bid** dat hulle in afhandelheid van God se leiding sal ootree. **Bid** dat ons as landsburgers sal saamstaan en mekaar ondersteun sodat ons die las op mekaar kan ligter maak. **Bid** vir elkeen vir wysheid, geduld en vrede. **Bid** vir ons gesondheidswerkers en die mense wie hulleself moet blootstel sodat die noodsaaklike dienste kan aangaan. **Bid** vir die mense wat werk aan teenmiddels en entstowwe wat die virus kan stuit. **Bid** vir die wat hulle werk verloor het.
- **Dank** God vir geestelike ontwaking wêreldwyd: Verkope van die Bybel het met 44-60% gestyg tydens COVID-19 pandemie.
- **Bid** vir die minister van onderwys, Angie Motswekga vir goddelike wysheid met betrekking tot die heropening van skole.
- **Bid** ook vir al die ander ministers wat belangrike besluite moet maak i.t.v ander regulasies wat uitgevaardig word.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagie (072-152 1224).
- **Bid** vir Lindie Le Roux wat Chemo kry. (012 333 8373).
- **Bid** vir ons ouers en kinders, waar die skoliere reeds met tuiswerk vir die nuwe kwartaal begin het.
- **Bid** asb vir Neels Bezuidenhout, Herman se oom, wat Maandag

### Gemeente Verjaardagweek (27 Sept- 4 Okt)

**Ons gemeente word 30 September 70 jaar oud!** Ons wil graag die week van die verjaardag 'n klomp lekker dinge saam doen om God se genade en liefde vir ons te vier. Om dit werklik 'n **gemeentefees** te maak, wil ons graag hoor **HOE julle** die verjaardag wil vier. Enige idees en voorstelle is welkom.

Daar is 'n hele week opsy gesit om lekker saam te kuier as gemeente. So laat julle gedagtes gaan rondom aktiwiteite/byeenkomste/optredes en saamkuier geleenthede in hierdie tyd. Ons hou Woensdagaand (30 Sept) 'n dankdiens en 4 Okt vier ons saam die nagmaal in die erediens. Verder kan die week gevul word met 'n gemeentekonsert, saam eet/braai/kuier, dalk 'n potjiekos kompetisie en optredes van gaskunstenaars (dalk ook 'n fondsinsameling?)...

**Ons het nou juis tyd om 'n bietjie te dink** oor hoe ons die gemeente se verjaardag wil vier. Kom ons sit ons koppe bymekaar en reël 'n lekker saamkuier-geleentheid (sommers ook om op te vang vir al die geleenthede wat ons saam met mekaar gemis het!). Daar sal in die komende weke kans gegee word om idees uit te ruil, maar indien jy solank 'n idee wil deurgee wat jy nie wil vergeet nie, sms ds Grobler (076 841 1568).

**Sien uit om van julle te hoor!**

## Inleiding:

- Hierdie week word julle uitgedaag om die kort, vreemde boek van die Klein Profeet, **Nahum** te lees. Indien julle 'n gesin is met kinders, is julle welkom om eerder die Belydenisklas se Bybelstudie te doen.

## Gesels saam:

- Watter onreg het jy hierdie week ervaar, en hoe het dit jou laat voel?
- Watter emosies kom by jou los wanneer mense in magsposisies hulle mag misbruik?

## Teks: Lees Nahum 1-3



## Agtergrond:

Nahum Nahum (sy naam beteken "vertroosting") "troos" die volk van die HERE deur die val van Assirië en veral sy hoofstad Nineve aan te kondig. Vir Israel (die noordelike stamme) was dit goeie nuus, omdat die Assiriërs Samaria in 722 v.C. verwoes het en Israel in ballingskap weggevoer het. Let wel: Israel is in 734-722 v.C. deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer en het nie weer teruggekeer nie; Juda is in 597-586 v.C. deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer en het tussen 538 en 457 weer na Jerusalem teruggekeer. Nahum profeteer dan van die val van Nineve in 612 v.C. toe dit deur die Babiloniërs verower is. Vir Israel was die ondergang van die Assiriërs goeie nuus (1:15; 2:2) en selfs tot troos. Dit is 'n bewys dat God Hom op die vyande van sy volk wreek (1:2,3). In geheel is die boek 'n openbaring van God as 'n jaloerse God wat 'n wreker is op diegene wat sy reg en majesteit geweld aandoen.



## Gesels oor die volgende:

1. Watter eienskappe van God word in 1:2-8 besing? Let op hoedat oënskynlik teenoorstaande eienskappe by God wel in dieselfde asem genoem word (1:3,7-8).
2. Oor watter oortredings van Nineve sal God wraak neem (3:1,4)? Watter straf sal die HERE oor Nineve bring vanweë haar onsedelikhede (3:4-5)?
3. Waarom help groot getalle mense en sterk leërmagte nie teen die HERE nie (1:12)? Wie was die "Verwoester" wat die HERE, aldus 2:1, na Nineve gestuur het (vgl. inleiding hierbo)?
4. Waarom is die val van Nineve vir Israel goeie nuus (1:13-15)? gr-. Waarom is die ondergang van Assirië vir al die volke goeie nuus. (3:19)?

## Lees die volgende kommentaar van Chris van Wyk en gesels met mekaar oor hoe dit vandag op ons van toepassing is:

- Nahum help ons om die eintlik groot rolspeler op die wêreldtoneel en die ware hoofakteur van die menslike drama raak te sien. Dit is die Here self, dié God wat wel lankmoedig en geduldig is, maar met gloeiende toorn kán optree om Hom op sy teenstanders te wreek. Die feit dat dinge vir jare oënskynlik deur die wêreldmagte beheer en gestuur word, is presies dit, oënskynlik. Agter die skerms is God besig met sy haarfyn beplanning en uitvoering van sy wil vir hierdie lewe. Dit het hy in die verlede bewys. Dit sal Hy ook in die toekoms bewys. Assirië – en enige mag daarvoor of daarna, ook die magte van vandag – sal uiteindelik voor God se mag moet buig. Om die waarheid te sê, Nahum kan met stelligheid die waarheid verkondig aan dié magte wat God nie erken nie: "Al is hulle hoe sterk, hoe baie, hulle sal afgemaai word en tot niet gaan." Hulle is in sy oë onbenullig. Daarteenoor staan die wonderlike troos dat die Here "sorg vir dié wat by Hom skuil." "Hy is 'n toevlug in tyd van nood." Daarop kan sy mense te alle tye staatmaak. Dit is waar ook vandag. Dit is waar ook vir jou.
- Die verhaal van Assirië en Nineve is 'n getuienis van die noodwendige gevolg van die korrupsie van mag en geweld. 'n Ryk wat op magswellus gebou is, sal altyd uiteindelik self sneuwel. Korrupsie en die gewelddadige onderdrukking van mense kan nooit die toets van die tyd deurstaan nie. Dit dra die onvermydelike kiem van vernietiging en ondergang. Dié patroon is duidelik in die opgetekende geskiedenis van die wêreld, van die een kant daarvan tot die ander kant. In die werklikheid van die historiese prosesse raak die opstand teen onreg uiteindelik net te groot vir korrupte magspolities om enduit te slaag. Die boek van Nahum gee 'n profetiese interpretasie van die historiese gebeure. Dit is nie net die Galdeërs, Mede en Perse wat hulleself verset teen die magspolities van Assirië en Nineve nie. Dit is die Here self: "Ek tree teen jou op, sê die Here die Almagtige." (3:5). God is aan die kant van dié wat onregverdig ly. Die sigbare opstand word dus vanuit die onsigbare werklikheid aangevoer deur die Here self. Dit dra die seël van sy goedkeuring. Dit beteken natuurlik nie dat die Here die geweld waarmee dit gebeur noodwendig goedkeur nie. Dieselfde oordeel wat hier die Assiriërs tref, tref later ook die Galdeërs en nog later ook die Mede en Perse. Korrupte magspolities sal altyd onder die oordeel van die Here deurloop.
- Dit is egter baie belangrik om in Nahum te hoor dat hierdie oordeelsboodskap gedra word deur hierdie troosvolle Godsbeeld: "Die Here is lankmoedig, maar sy krag is groot: Hy laat geen skuldige ongestraf nie." (1:3). God se oordeel is vanweë sy deernis met mense wat onder die wreedhede van magspolities deurloop, uitgedruk met die retoriese vraag aan die einde van die boek: "want wie het nie almal voordurend onder jou wreedhede gely nie?" (3:19). Nahum wil dus met dié profesie – wat met Nineve se val vervul is – die vrees vir magspolities verander in vertroue in dié God wat deernis het met almal wat daaronder deurloop, ook vandag nog. Die korrupte regerings van die wêreld het nie die laaste sê oor die lewens van mense nie, al moet baie daaronder ly. Góð het die laaste woord oor ons almal. God is sowel lankmoedig en deernisvol met mense as in staat om onreg en korrupsie reg te stel in die geskiedenis van die wêreld. God se redding en sy oordeel is immers kante van dieselfde munt. Daarop kan ons vertrou.

## Sluit af deur vir mekaar en ons land te bid

## Belydenisklas Bybelstudie

Die Belydenisklas moet asb onthou dat ons Maandag, 4 Mei 'n Whatsapp-afspraak met mekaar het om Week 1 se Bybelstudie te bespreek. Hier is Week 2 se Bybelstudie!

### Week 2: Leuns

#### Inleiding:

- Speel die speletjie "Two truths and a lie."
- Elkeen kry, kans om drie feite oor hom/ haarself te vertel. Twee van die feite moet die waarheid wees en een moet 'n leuen wees. Die groep moet dan probeer raai watter een van die feite die leuen was.

#### Teks:

##### Matteus 5:33-37 (Die Bybel vir Almal)

33 "Julle weet ook die wette sê: 'Jy moenie iets belowe wat jy nie wil doen nie,' en 'as jy vir die Here iets belowe het, dan moet jy dit doen.' 34 Maar Ek sê vir julle: Jy moet nooit iets belowe en sê die Here is die getuie nie. Julle moenie iets belowe en sê die hemel is die getuie nie, want die hemel is die troon van God. 35 Julle moenie iets belowe en sê die aarde is die getuie nie, want die aarde is die plek waar God se voete rus. Julle moenie iets belowe en sê Jerusalem is die getuie nie, want Jerusalem is die stad van God, die Groot Koning. 36 Jy moenie iets belowe en sê jy is self die getuie nie, want jy kan nie self een haar op jou kop wit of swart maak nie, jy kan nie die kleur verander nie.

37 "Sê 'ja' wanneer julle 'ja' wil sê, en sê 'nee' wanneer julle 'nee' wil sê. Dit is die duiwel wat vir julle meer as dit laat sê."

**Joernaal: (Skryf elke week jou gedagtes rondom die teksgedeelte en vrae in 'n boekie of papiere wat jy bêre sodat jy kan teruggaan om dit weer te lees, dit kan ook handig wees om dit te hê wanneer die groep op Whatsapp die gedeelte bespreek).**

- Is daar iets wat vir jou vreemd is of wat vir jou uitstaan?
- *In die Ou Testament se tyd het hulle mense probeer help om leuens uit te kanselleer deur 'n eed of belofte met God of die tempel of Jerusalem of die aarde as getuie te maak. Dis iets wat nie kon beweeg nie en wat altyd daar sou wees. Maar nou het mense halwe waarhede begin vertel as die volle waarheid en dan met 'n eed by Jerusalem belowe dat dit waar is. Was, was dit slegte maniere om daardie persoon aan te vat as 'n leuenaar.*
- Wat dink julle wou Jesus hê moes die mense daar teen die berg oor eerlikheid hoor?
- Hoe laat dit jou voel wanneer mense:
  1. iets vertel en oral in die storie herhaal hulle "ek belowe vir jou" of "jy moet my glo" of "jy kan maar vir so en so gaan vra."
  2. Die waarheid praat, maar belangrike feite van die waarheid uitlaat (wat jy gewoonlik eers later uitvind.)
  3. Stilbly wanneer ander jok en jy weet hulle ken die waarheid?
  4. Wat is die verskil tussen 'n leuen en 'n verskoning?
- 'n Wetenskaplike het uitgevind dat mense gemiddeld 3,3 keer in 10 minute jok (van volledige leuens, wit leuentjies, halwe waarhede, verskonings.) Hoekom gebruik julle soms jok stories of verskonings?
- Die teksgedeelte gee vir ons twee leidrade oor hoe om leuens/ verskonings uit te ken, maar ook hoe om die waarheid uit te ken. Kyk gou weer daardeur om te sien wanneer jyself besig is om te jok of die waarheid te praat.
- Wat is die gevolge daarvan wanneer ons gereeld jok? Wat gaan die gevolge wees wanneer ons bekend is vir die waarheid praat, selfs al laat dit ons in die moeilikheid beland?
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

#### Prakties:

Skryf die 9de Gebod op 'n stuk karton/papier en plak dit erens die week in jou kamer/die huis op waar jy dit gereeld kan sien.

#### Terugvoer:

Neem 'n foto van waar dit in julle huis is. Deel teen Maandag, 11 Mei die foto wat jy geneem het op die Whatsappgroep. Ons kan daar verder gesels! Onthou dat jy enige tyd gedurende die week ietsie kan sê/vra oor die Bybelstudiestukkie. Hou 'n tydjie Maandag/Dinsdag oop dat ons so deur die loop van die twee dae kan terugvoer gee vir mekaar!

## Advertensies



353, 30<sup>th</sup> Avenue c/o Piemeef St  
Villieria, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375  
Reception +27 83 291 0020

**Agapanthus Guest House**  
"Since 2009"

agapanthusbnb@gmail.com  
www.agapanthusguesthouse.co.za

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

## Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

## Gebed vir die nasies:

Gedurende Ramadaan (24/4-23/5) vas Moslems tussen sonsopkoms tot sonsak van spys en drank om hulself opnuuts aan Islam te verbind in die hoop op ewige kewe. Christene reg oor die wêreld fokus in die laaste 25 jaar hul gebed in hierdie tyd spesifiek op die redding van Moslems. Prys God dat meer Moslems in die laaste 15 jaar na Jesus gedraai het as in die vorige 1400 jaar tesame! Tog het 80% van Moslems nog nooit die Goeie Nuus van Christus gehoor nie. Wil u 'n daaglikse gebedsvideo ontvang: [www.tr.im/wb17](http://www.tr.im/wb17)

## Dankoffers in Afsondering

Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening in betaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v saalhuur/dankoffers ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd per eft die normale betalings te maak. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

**Bankbesonderhede: NG Kerk Pieneef, Standard Bank SA,  
Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845**

Raak  
Betrokke



## Sluit aan by die Bybelstudie/Bybelskool

**Die Bybelstudie/Bybelskool begin die week met die Kleinprofeet Habakuk. Hier onder is die inleiding van die boek. Ons lees die boek oor 'n tydperk van 3 weke. Indien jy deel wil wees van die Whatsapp gespreksgroep, of net die kommentaar en uitdeeltuk van die boek wil ontvang om op jou eie te doen, laat weet gerus! Stuur 'n boodskap aan (076 841 1568).**

Die profeet Habakuk, tydgenoot van Jeremia en Obadja, maar verder onbekend, worstel in die agste boek in die ry van Twaalf Kleiner Profete met die vrae wat Nahum op die tafel sit. As God dan só streng en grusaam kan oordeel oor die nasies, soos in die geval van Nineve, hoekom doen Hy dit nie ook nou waar die onderdrukkende werklikheid van die Galdeërs (1:6) die Jode se voortbestaan bedreig nie? Hoe kan die Here hoegenaamd sê dat hy nasies inspan – "Kyk, Ek gaan die Galdeërs laat optrek ... (1:6) – terwyl hulle nie in Hom glo nie? Hoe kan die Here hulle toelaat om op gewelddadige en bose maniere op te tree? En hoe lank sal die onreg en geweld selfs onder die Godsvolk die oorhand hê? Kortom, hoe lank kan God nog toelaat dat onreg en boosheid gedy en regverdige daaronder ly? *Geregtigheid is immers 'n grap* in die land en die wêreld, soos Peterson in *The Message* skryf (*Justice is a Joke* – opskrif vir hoofstuk een).

Die Here oortuig Habakuk egter in sy gebedsworsteling dat al lyk dit op die oog af asof alles ten gronde gaan, God die regverdige nie sal versak nie. Op God se verlossing moet hulle wag, selfs al lyk dit asof dit/Hy talm. In volhardende *wag*, al dieper wordende *luister* en worstelende *gebed* met die Here lê hulle toekoms opgesluit. Habakuk kan uiteindelik sê dat al lyk dinge op die oog af asof dit nie regkom nie, en eerder vererger: "*nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos. Die Here, my Heer, is my krag.*" (Hab. 3:18-19). God versak dus nie dié wat hulle toevlug tot Hom neem nie.

Die boek toon daarom eintlik meer ooreenkomste met van die Psalms as met van die ander profetiese boeke. Dit is, soos die Psalms, meer 'n gesprek *met* God as wat dit 'n woord *van* God af is. Habakuk reflekteer dus meer van sy intersessorskap by God as dat hy as woordvoerder van God optree. Uit hfst. 2:1 blyk dit egter dat dit ook op 'n woord vir die geloofsgemeenskap sal uitloop: "*Ek wil wag om te verneem ... wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf.*" Weereens, soos die Psalms, is Habakuk daarom ook woorde wat God vir ons gee om vir Hom terug te sê. Kan ons Habakuk se woorde ons eie maak in watter uitdagende situasie ons ook al bevind. Trouens, Habakuk skryf sy gebed in hoofstuk 3 in die vorm van 'n liturgie wat die geloofsgemeenskap kan gebruik in die erediens as *klaaglied* om by God in te tree vir watter situasie hulle ook al in verkeer (vgl. vers 1 en 19 – "*Op die wysie van 'n klaaglied ... Vir die koorleier. Met snarespel.*").

Op dié manier is die boek op 'n besondere manier 'n boek van hoop, al weet ons dat die ballingskap uiteindelik wel gekom het en die volk vir sewentig jaar moes wag vir die uiteindelijke verlossing. Uiteindelik het die Here hulle lot verander en kon hulle Hom weer dien in hulle eie land. En daarin lê ook vir ons die hoop vandag opgesluit.